

'n Skitterende werk oor die Indiese geskiedenis

R. Guha, *India after Gandhi, the history of the world's largest democracy*

Macmillan, London, 2007

900 pp

ISBN 978 0 230 01654 5

R390.00

Hierdie jongste werk van Ramchandra Guha span die kroon op sy sistematiese studies van aspekte van die Indiese geskiedenis. Sy studies oor die kleinboere van die Himalajas, die sosiale geskiedenis van krieket, die internasionale geskiedenis van omgewingsbewustheid en die antropologie van Indië, het hom besonder goed toegegerus om hierdie omvattende en uitdagende werk oor die geskiedenis van Indië sedert onafhanklikheid by geleentheid van die land se sestigste herdenking van onafhanklikheid te skryf. Dit het hom werklik van die voetsoolvlak van die Indiese ervaring na die hoogdrama van die politiek geneem. Wat die werk merkwaardig maak, is die wyse waarop hy 'n kronologiese benadering met tematiese en biografiese fokusse integreer. Dit skep 'n persoonlike atmosfeer en 'n spanningslyn wat 'n werk wat andersins swaarwigtig en uitputtende leesstof kon wees, in 'n boeiende historiese ontvouing omskep.

So 'n groot land met so 'n verskeidenheid mense en kulture, stel buitengewone uitdagings aan die navorser. Om uit die massa verskeidenheid en die talle dramatiese gebeure en konflikte wat die Indiese geskiedenis kenmerk, 'n logiese en samehangende verhaal met 'n toekomspektief te skep, vereis besondere kennis, insig en aanvoeling. Guha draai geen doekies om oor die veelvuldige bedreigings wat die Indiese subkontinent sedert 1947 (veral sedert die trauma van die mislukte eenheid in 1947 toe Pakistan as 'n afsonderlike staat erken is en die stryd tussen Moslem en Hindoe as 't ware geïnstitusioneel geraak het) ervaar het nie. Hy bespreek al die konflikte en oorloë, die godsdienstige en etniese onverdraagsaamheid, die sterk regionale afskeidingsbewegings en die verset van die tradisionele stamme in die noorde en sentrale Indië.

Die sentrale tema van die boek is juis die vraag hoe dit moontlik is dat daar wel 'n suksesvolle eenheidstaat uit so 'n gebrek aan saambindende faktore geskep kon word. Hy vestig daarom die aandag op hoe dikwels nie net die buitewêreld nie, maar Indiërs self gedurende die afgelope sestig jaar daaraan getwyfel het of die staat as 'n eenheidstaat sal oorleef. Die grootste deel van die boek handel in werklikheid oor die onderlinge stryde en die wyse waarop Indië dikwels op die rand van ineenstorting was, maar tog telkens daarvan wegbeweeg het.

Hy gee volle erkenning aan die vier groot verdelende faktore in Indië. Dit is opvallend dat hy een belangrike faktor weglaat, naamlik die lang geskiedenis van vreemde invallers, oorheersers en onderdrukking wat in werklikheid die basis vir die diep verdeelde land gelê het. Suid-Afrikaners wat na die geromantiseerde reeks oor TV2, *The Story of India*, kyk, behoort hierdie boek as 'n teenvoeter vir die geïdealiseerde beeld wat dié program van Indië skep, te lees.

Die eerste verdelende faktor wat besondere aandag kry, is die kastestelsel. Dit is 'n unieke Indiese verskynsel. Kaste is 'n Portugese woord wat van twee Hindoe

woorde afgelei is, naamlik *endo* en *varna*. *Endo* verwys na die groep waarin iemand gebore is en *varna* na die plek wat daardie groep ooreenkomstig Hindoe heilige geskrifte in die sosiale stratifikasie beklee. Daar is vier hoof *varnas* in die Hindoe godsdien wat in 3 000 *jatis* of ordes verdeel is. Die kastestelsel het bepaal wie in die Hindoe samelewing die hoër, en wie die laagste posisies beklee. Kaste het vir eeue, ook ná 1947, die sosiale stratifikasie in Indië bepaal.

Naas die kastestelsel, was klas vir die nie-Hindoes 'n belangrike verdelende faktor. Die feit dat Indië uit 'n groot aantal state met ryk prinse en heersende klasse bestaan het, is nie deur die meer as honderd jaar van Britse heerskappy uitgeskakel nie. Trouens, Brittanje het die stelsel bestendig, omdat dit gehelp het om die uitgebreide ryk te beheer en bestuur. Die prinse en die rykes is gekoöpteer en dit is uit hulle geledere wat die belangrike klas van Anglo-Indiërs ontstaan het.

Die derde verdelende faktor was godsdien, met drie sterk godsdienste – Hindoe, Moslem en Sikh – en talle kleineres soos die Christendom, Boeddhisme en die Fariese godsdienste. Die feit dat die Moslems vir so lank die subkontinent oorheers het, het meegebring dat hulle nie onder die Hindoe meerderheid wou staan nie. Dit het tot die partisie van die subkontinent tussen twee state, en in 1971 drie state gelei.

Die vierde verdelende faktor is tale met Hindi as die meerderheidstaal, Engels as die taal van administrasie en talle ander wat dikwels met bepaalde godsdienste verbind is. Daar was na 1947 'n kortstondige poging om Hindi tot die enigste amptelike taal te verhef, maar geweldige weerstand het dit gou laat misluk. Uiteindelik is 22 amptelike tale erken en later is die beginsel aanvaar om staatsgrense volgens taal te trek.

In die vyfde en laaste deel van die boek, skryf Guha oor die teenswoordige Indië in gloeiende idealistiese terme. Hy argumenteer dat Westerse denkers en skrywers in werklikheid weinig van die Indiese demokrasie en eenheidsbegrip verstaan. Daar is iets soos Indiese nasionalisme wat grondig van Westerse of Afrika nasionalismes verskil. Indië se nasionalisme is nie soos in die Weste op eenheid van taal, godsdien, etnisiteit of geskiedenis gebaseer nie, en ook nie op bevryding van imperialisme soos in Afrika nie. Die uniekheid van Indiese nasionalisme is dat dit op die balansering van verskeidenheid gebaseer is. Indië het 'n unieke wyse gevind om verskillende godsdienste, tale, etnisiteite, klasse en botsende streeksbelange te versoen. Gevolglik glo Guha dat Indië die wêreld ver voor is en 'n beter model vir 'n toekomstige wêreldstaat bied as wat die Verenigde Nasies, Europa, die VSA of China ooit kan hoop om te doen.

By die lees van die eerste vier dele van Guha se boek, besef jy dat sy idealisme eerder op die mislukkings rondom Indië – Pakistan, Sri Lanka, Bangladesj, Afghanistan, Mianmar (Burma) en Indonesië – gebou is, as wat dit op Indië se werklike historiese ervaring gebaseer is. Daar is ook in Deel V oomblikke van realisme wanneer hy erken dat Indië maar 50 persent 'n demokrasie en 80 persent 'n eenheidstaat is, dat die bestaan van 'n Moslemstaat in Pakistan sal verseker dat daar altyd Hindoe en Sikh fundamentaliste in Indië sal wees, en dat die kastestelsel onder die nuwe welvarende klasse van 'n voorspoedige Indië op 'n ander, meer subtiële wyse voortgesit word. Miskien is sy belangrikste erkenning dié op bladsy 749:

Book reviews

Most politicians are corrupt and many come from a criminal background. Other institutions [die burgerlike samelewing] central to the functioning of a democracy have also declined precipitously over the years. The percentage of truly independent minded civil servants has steadily declined as has the percentage of completely fair minded judges.

Suid-Afrikaners kan net baat by 'n deeglike lees van hierdie boek. Hulle sal die relatiewe mindere aard van verdelende faktore in Suid-Afrika, die uitgediende politieke strategieë van vandag wat reeds na 1947 in Indië uitgetoets is, en die gevare wat 'n demokrasie te bowe moet kom, in groter perspektief sien.

Pieter Kapp
Besoekende Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis
Universiteit van die Vrystaat